Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GESKIEDENIS

# EKSAMENRIGLYNE

ÉcoleBooks

# GRAAD 12

# 2021

**Hierdie riglyne bestaan uit 11 bladsye.**

**INHOUDSOPGAWE**

| | | **BLADSY** |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING | 3 |
| 2. | ASSESSERING IN GRAAD 12<br>VOORGESKREWE ONDERWERPE | 4<br>5 |
| 3. | ASSESSERING VAN BRONGEBASEERDE VRAE | 7 |
| 4. | ASSESSERING VAN OPSTELVRAE | 9 |
| 5. | SLOT | 11 |

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## 1. INLEIDING

Die *Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)* vir Geskiedenis gee 'n uiteensetting van die aard en doel van die vak Geskiedenis. Dit lei die filosofie wat onderliggend is tot die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Seniorsertifikaat(NSS)-eksamen in Geskiedenis geassesseer gaan word
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders voldoende vir die eksamen voor te berei

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamen. Dit behandel nie die skoolgebaseerde assessering ('SBA'), praktiese assesseringstake (PAT'e) of finale eksterne praktiese eksamen nie aangesien dit in 'n aparte PAT-dokument, wat jaarliks bygewerk word, hanteer word.

Hierdie riglyne moet saam met die volgende gelees word:

- Die *Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)*: Geskiedenis
- Die Nasionale Protokol vir Assessering: *'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R tot 12)*
- Die nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die *Nasionale Kurrikulumstelling, graad R tot 12*

ÉcoleBooks

## 2. ASSESSERING IN GRAAD 12

Assessering in die VOO-fase bestaan uit opstel- en brongebaseerde vrae.

Die struktuur van die eksamenvraestelle is soos volg:

- In die September-eksamen (voorbereidende) en finale eksterne eksamens, moet graad 12-leerders **TWEE vraestelle** van **3 uur** elk skryf. Albei vraestelle bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

- AFDELING A bestaan uit DRIE (3) brongebaseerde vrae. Daar sal van kandidate verwag word om ten minste **EEN BRONGEBASEERDE vraag** in elke vraestel te beantwoord.

- AFDELING B bestaan uit DRIE (3) opstelvrae. Daar sal van kandidate verwag word om ten minste **EEN OPSTEL-vraag** in elke vraestel te beantwoord.

- Daar sal altesaam van 'n kandidaat verwag word om DRIE **vrae te** soos volg te beantwoord:

  - EEN (1) brongebaseerde vraag
  - EEN (1) opstelvraag
  - Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag of 'n opstelvraag wees

  Opstel en brongebaseerde vrae tel 50 punte elk.

- Die totale punt vir elke vraestel is 150.


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



Die **voorgeskrewe onderwerpe vir** 2021 tot 2023 sal soos volg geassesseer word:

| **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE<br>VRAESTEL 1<br>(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word)** | **AFDELING B: OPSTELVRAE<br>VRAESTEL 1<br>(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word)** |
|---|---|
| **1. Die Koue Oorlog**<br><br>Vraagfokus: Die oorsprong van die Koue Oorlog<br>• Einde van die Tweede Wêreldoorlog (inleiding); waarom het 'n Koue Oorlog ontwikkel?<br>• Die USSR en die VSA en die skepping van sfere van invloed (Stigting van Sowjet-vriendelike regerings in satellietstate; VSA se beleid van inperking; Truman-leer; Marshall-plan; Die Berlynse Krisis 1949–1961; Opponerende militêre alliansies: NAVO en die Warskouverdrag<br>• Wie moet vir die Koue Oorlog blameer word? | **1. Die Uitbreiding van die Koue Oorlog – Gevallestudie: Viëtnam**<br><br>Vraagfokus: Die tydperke in die oorlog:<br>• 1957–1965 Stryd in Viëtnam tussen die Suid-Viëtnamese weermag en kommunistiese opgeleide rebelle (ook as die Viëtkong bekend)<br>• 1965–1969 Stryd tussen Noord-Viëtnam en die VSA (sluit die aard van die Viëtnamese oorlog teen die VSA in)<br>• Die oorlog vanuit 'n Viëtnamese en Amerikaanse (VSA) perspektief<br>• Die oorlog as 'n globale kwessie<br>• 1969–1975 Die Amerikaanse (VSA)-onttrekking uit Viëtnam (impak op die Amerikaanse (VSA) politieke studente-bewegings) |
| **2. Onafhanklike Afrika**<br><br>Vraagfokus: Afrika in die Koue Oorlog: Gevallestudie: Angola<br>• Angola: kolonialisme en onafhanklikheid<br>• Uitbreek van burgeroorlog in 1974 (MPLA, FNLA en UNITA)<br>• Redes vir en aard van betrokkenheid by Angola (USSR, VSA, Kuba, China, Suid-Afrika); impak op streekstabiliteit<br>• Betekenis van die Slag van Cuito Cuanavale 1987 en 1988 | **2. Onafhanklike Afrika**<br><br>Vraagfokus: Hoe is onafhanklikheid in die 1960's en 1970's in Afrika verwesenlik? Gevallestudie: Die Kongo<br>• Wat was die idees wat die Kongo beïnvloed het?<br>• Polities (tipe leier, nalatenskappe van kolonialisme, tipe regering, politieke stabiliteit en onstabiliteit)<br>• Ekonomies (tipe ekonomie)<br>• Sosiale en kulturele suksesse/uitdagings wat die Kongo in die gesig gestaar het (voordele van onafhanklikheid, onderwys, Afrikanisering) |
| **3. Burgerlike verset uit die 1950's tot die 1970's**<br><br>Vraagfokus: Die Amerikaanse Burgerregte-beweging<br>• Redes en oorsprong van Burgerregtebeweging in die VSA<br>• Rol, impak en invloed van Martin Luther King Jr.; die invloed van passiewe weerstand (Gandhi) op Martin Luther King Jr.<br>• Vorme van protes deur burgerlike ongehoorsaamheid: Montgomery Bus-boikot; sitstakings; Vryheidsryers; veldtogte en optogte, Birmingham-veldtog, die optog na Lincoln-gedenkteken, Vryheidsomer en die Selma-Montgomery-optogte ingesluit<br>• Skooldesegregasie: gevallestudie Little Rock Arkansas (as deel van betogingsvorme OF as 'n gevallestudie)<br>• Korttermyn- en langtermynvoordele | **3. Burgerlike verset uit die 1950's tot die 1970's**<br><br>Vraagfokus: Die Swartmagbeweging<br>• Redes vir die Swartmagbeweging<br>• Stigting van die Black Panther-party<br>• Rolle van Malcolm X, Stokely Carmichael, Huey Newton en ander swart Amerikaner aktiviste<br>• Korttermyn- en langtermynvoordele |

| VRAESTEL 2<br>(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word) | VRAESTEL 2<br>(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word) |
|---|---|
| **1. Burgerlike Weerstand, 1970's tot 1980's: Suid-Afrika**<br><br>Vraagfokus: Die krisis van apartheid in die 1980's<br>• Die regering se pogings om apartheid te hervorm (die 1982 Wet op Stedelike Bantoe-owerhede; die driekamerstelsel)<br>• Interne weerstand teen hervormings<br>• Groeiende mag van die Vakbondbeweging ('Trade Union Movement') vanaf 1973<br>• Reaksie op Botha se 'hervormings' – nuwe mobiliseringsmetodes (arbeid se 'uitgebreide massastakings', rolle van gemeenskaps-organisasies, UDF, Mass Democratic Movement en End Conscription Campaign [beëindig diensplig] en Black Sash) | **1. Burgerlike Weerstand, 1970's tot 1980's: Suid-Afrika**<br><br>Vraagfokus: Die uitdaging van Swart Bewussyn vir die apartheidstaat<br>• Die aard en doelwitte van Swart Bewussyn<br>• Die rol van Bantu Stephen Biko<br>• Swartbewussynbeweging (SBB)<br>• Die uitdaging wat die idees van Swart Bewussyn aan die staat gestel het<br>• Die 1976-Soweto-opstand – kortliks, met betrekking tot die invloed van die SBB op die studente<br>• Die nalatenskap van Swart Bewussyn vir die Suid-Afrikaanse politiek |
| **2. Die koms van demokrasie na Suid-Afrika en die aanvaarding van die verlede**<br><br>Vraagfokus: Die Waarheids-en-Versoenings-kommissie (WVK)<br>• Redes vir die WVK: Stigting en instelling van subkomitees)<br>• Verskeie vorms van geregtigheid (vergeldend en herstellend)<br>• Die debatte rakende die WVK<br>  ○ Positiewe aspekte van die WVK<br>  ○ Amnestievoorwaardes en probleme met amnestie<br>  ○ Fokus op growwe menseregteskendings van die 1980's<br>  ○ Reparasies (Vergoeding)<br>• Reaksies van politieke partye op die WVK en die finale verslag van die WVK<br>• **Fokus op verskillende gevallestudies, slagoffers en oortreders** | **2. Die koms van demokrasie na Suid-Afrika en die aanvaarding van die verlede**<br><br>Vraagfokus: Ooreengekome skikking en die Regering van Nasionale Eenheid<br>• Begin van onderhandelinge 1989–1991<br>• Onderbreking van onderhandelinge<br>• Veelparty-onderhandelingsproses hervat<br>• Voortslepende geweld: pogings om die onderhandelinge te ontspoor<br>• Finale pad na demokrasie in 1994 (27 April 1994 verkiesing; die Regering van Nasionale Eenheid [RNE]) |
| **3. Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe orde 1989 tot die hede**<br><br>Vraagfokus: 'n Nuwe wêreldorde<br>• Wat is globalisering?<br>• Magsbalans en impak op Afrika<br>• Oorheersing van globale kapitalisme<br>• Ontluikende ekonomieë en verskillende vorms van kapitalisme: BRICS<br>• Reaksies op globalisering | **3. Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde**<br><br>Vraagfokus: Die impak van Gorbachev se hervormings op die Sowjetunie en Suid-Afrika<br>• Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie<br>• Oos-Europa (oorsig of in beskryf kortliks): (gebeure in Pole; betekenis van hierdie gebeure op die Sowjetunie se invloed in Oos-Europa; Duitsland; die val van die Berlynse Muur)<br>• Die disintegrasie van die Sowjetunie<br>• Keerpunt in Suid-Afrika (die ineenstorting van die Sowjetunie en die impak daarvan op Suid-Afrika) |

EcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## 3. ASSESSERING VAN BRONGEBASEERDE VRAE

By die beoordeling van leerders se vermoë om met historiese bronne te werk, moet die kognitiewe vlakke, die gepaardgaande historiese vaardighede en die gewigswaardes van vrae regdeur grade in ag geneem word. 'n Uitbreiding is in die volgende tabel vervat.

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-WAARDES VAN VRAE | TIPIESE VRAE |
|---|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Haal bewyse uit bronne aan<br>• Keuse en organisering van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese konsepte/terme | **30%<br>(15)** | • Watter inligting in die bron vertel jou van ...?<br>• Haal TWEE redes uit die bron aan ...<br>• Wat verstaan jy onder die term ...? |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting wat uit bronne ingesamel is<br>• Ontleed bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** | • Watter boodskap dra die spotprenttekenaar oor met betrekking tot ...?<br>• Verduidelik in jou eie woorde ...<br>• Hoekom dink jy ...? |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Raadpleeg bronne om die bruikbaarheid betroubaarheid, bevooroordeelheid en beperkings te bepaal<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe wat in bronne aangebied word en bepaal onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** | • Verduidelik tot watter mate die bewyse in Bron 1A ...<br>• Vergelyk die bewyse in Bron 2A en 2B en verduidelik hoe jy die verskille sou verklaar ...<br>• Lewer kommentaar op die bruikbaarheid/beperkings/ betroubaarheid van die inligting in Bron 3C en 3D |

By die assessering van brongebaseerde vrae moet die volgende in ag geneem word met betrekking tot die **kognitiewe vlakke** en die **bewoording van tipiese vrae**:

- **Alle vlak 1**-tipe vrae vereis dat leerders inligting uit bronne onttrek en historiese konsepte definieer. Hierdie vrae sal 'n maksimum van 2 punte tel. Vraagwerkwoorde wat gebruik kan word om hierdie brongebaseerde vrae te stel, sluit onder andere: lys, aanhaling, identifiseer, en noem in. Tipiese vrae wat byvoorbeeld gestel kan word: Watter inligting in die bron vertel jou van ...? Haal VIER redes aan waarom ... Wat verstaan jy met die term...?

- **Alle Vlak 2**-vrae vereis dat leerders bewyse uit die bronne interpreteer, ontleed en hanteer. Hierdie vrae sal 'n maksimum van tussen 4 tot 6 punte dra. Vraagwerkwoorde wat gebruik kan word om hierdie brongebaseerde vrae te stel, sluit onder meer in: verduidelik, lewer kommentaar, beskryf en organiseer inligting logies uit die bronne. Tipiese vrae kan byvoorbeeld soos volg gestel: Watter boodskap dra die spotprenttekenaar oor ...? Verduidelik in jou eie woorde ... Hoekom dink jy ...?

- **Alle Vlak 3**-vrae vereis dat leerders byvoorbeeld die verskillende perspektiewe in bronne (vergelyk/kontras), gevolgtrekkings maak oor die betroubaarheid en bruikbaarheid van bronne, ens. Hierdie vrae sal 'n maksimum van tussen 4 tot 8 punte tel en kan geassesseer word met behulp van 'n analitiese/holistiese rubriek. Vraagwerkwoorde wat gebruik sal word om hierdie brongebaseerde vrae te stel, sluit onder meer in: vergelyk of kontrasteer, evalueer, assesseer, verduidelik in watter mate jy sal saamstem/verskil, kommentaar lewer op die **betroubaarheid** van die bewyse in 'n bron, verduidelik die **bruikbaarheid**, lewer kommentaar op die gevolge, verduidelik die **beperkings**, regverdigheid, ens. Tipiese vrae wat gestel kan word, byvoorbeeld: Verduidelik tot watter mate ... Vergelyk die bewyse in beide Bron 1A en 1B **verduidelik** hoe jy die **verskille sou verklaar** ... Lewer kommentaar op ...

ÉcoleBooks

- Paragraafvrae sal ongeveer agt (8) punte tel en sal geassesseer word deur 'n analitiese/ holistiese rubriek te gebruik. Vrae sal gestel word waar daar van leerders verwag sal word om vrae op Vlak 3-vaardighede (vergelyk/kontras; bevooroordeelheid, bruikbaarheid; betroubaarheid) te beantwoord. Byvoorbeeld, verduidelik die rol, impak, oorsake, effekte of betekenis van 'n spesifieke historiese gebeurtenis wat verband hou met die spesifieke sleutelvraag. Tipiese vrae kan byvoorbeeld soos volg gestel word:
    - Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf wat die impak/betekenis van ...
    - Verduidelik waarom 'n historikus die inligting in beide Bron 1A en 1B **bruikbaar sal** vind wanneer die gevolge van ... bestudeer word.
    - Op watter maniere word die spotprenttekenaar se siening (Bron 2C) **ondersteun deur** die bewyse wat in die ander twee bronne ...
    - **Vergelyk die** bewyse in Bronne 3A en 3B en verduidelik hoe die inligting in beide bronne verskil met betrekking tot die ...
    - Verduidelik waarom 'n historikus die **betroubaarheid** van die getuienis in Bron 3C kan bevraagteken ...
    - Lewer kommentaar op die **beperkings** van Bron 3D vir 'n historikus wat ... bestudeer.



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## 4. ASSESSERING VAN OPSTELVRAE

Wanneer opstelle geskryf word, moet leerders hul argument op 'n logiese en samehangende wyse kan struktureer. Hulle moet die relevante inligting kies, organiseer en verbind sodat hulle 'n redelike volgorde van feite of 'n effektiewe argument kan aanbied om die vraag wat gestel word, te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n gevolgtrekking het. By die beantwoording van opstelvrae moet leerders in staat wees om:

- 'n Opstel te beplan en struktureer
- 'n Deeglike kennis en begrip van die onderwerp te toon
- Relevante inligting uit hulle eie kennis te kies en te gebruik om die vraag te beantwoord
- 'n Relevante en deurlopende argument te ontwikkel
- Logies en samehangend te skryf

Tipiese vrae kan gestel word deur die volgende beskrywers te gebruik, bv. 'Krities bespreek', 'Verduidelik tot watter mate ...', 'Lewer kommentaar op ...', 'Evalueer ...', 'Assesseer ...'.

Hou die PEEL-(PVVL)-struktuur in gedagte wanneer 'n opstel geassesseer word.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat stel die opstel bekend deur 'n standpunt te neem/ 'n relevante punt te maak.<br>Elke paragraaf moet 'n punt insluit wat die hoofpunt (standpunt) beskryf wat in die inleiding gemaak is. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in meer besonderhede verduidelik waaroor die hoofpunt gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gestel word (deurgaans argumenteer). |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te kies wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argument deurgaans vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet verseker dat die argument regdeur die opstel volgehou word en samehangend geskryf word. |

EcoleBooks

## GLOBALE ASSESSERING VAN OPSTELLE: TOTALE PUNTE: 50

| **Aanbieding** → **Inhoud** | **VLAK 7** Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om argument te ondersteun. | **VLAK 6** Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | **VLAK 5** Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit die bewyse om die argument te ondersteun. | **VLAK 4** Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | **VLAK 3** Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse. | **VLAK 2** Poging aangewend om 'n antwoord te strukturéer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie | **VLAK 1** Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant vir argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot die argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag is herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie, Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Onvoldoende of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

**Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1**

- Vraag glad nie aangespreek nie/ heeltemal irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktureer =0
- Vraag sluit basiese en oor die algemeen irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer =1–6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; geen poging om die opstel te struktureer = 7–13



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## 5. GEVOLGTREKKING

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die *KABV*-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die *KABV*-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die *KABV*, kan nie oorbeklemtoon word nie.

Kopiereg voorbehou